

Saterdag 12 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 4

Fokusgedeelte: Openbaring 4:1

God regeer oor die kerk en oor die geskiedenis

Ná hierdie dinge het ek gesien, kyk, 'n geopende deur in die hemel, en die eerste stem wat ek soos 'n basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur.

God se wil is die basis waarop alle dinge berus: ook al die dinge wat in die loop van die eeue gebeur en wat met die koms van die ewigheid afgerond gaan word. Ons moet lewe met insig en onderskeidingsvermoë wat letterlik gewrigte en murg van mekaar kan skei, want ons kan nie net sommer lewe soos ons wil nie. Ons moet beoordelaars wees van die oorlegginge en gedagtes van die hart.

God regeer oor die kerk en die wêreld. Johannes skryf dat hy in die hemel 'n deur gesien het wat oopgestaan het. Wat die visioen van die deur belangrik maak, is die feit dat die hele hemel nie voor Johannes oopgelê het nie. Daar is 'n afgeseëldheid rondom die hemel en 'n vaste orde van hoe daar in die hemel ingegaan word.

Die feit dat die deur oop is, simboliseer magtiging of toestemming om in te gaan. Dit is ook belangrik om daarop te let dat Johannes nie sien dat die deur oopgemaak word of oopgaan nie. Die deur was klaar oop. Die deur kan natuurlik weer toegesluit word - en ons weet dat die Here Jesus op 'n punt kom waar Hy die deur inderdaad toesluit.

Die betekenis van die oop deur wat Johannes sien, is dat God jou nie sal roep om iets vir sy koninkryk te doen en jy jou dan teen 'n toe deur vasloop nie. Alles waartoe enige mens geroep word in die geloof, is reeds deur God voorsien dat dit kan gebeur. Die mense wat alewig beswaard is en so opsien daarteen om dinge vir die Here te doen, moet veral hiervan kennis neem.

Sing: Psalm 47:4

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)